

6de Sondag na Trinitatisfees

ONDERSTEUNINGSTEKSTE: JES 43: 1-7 ROM. 6: 3-8
PREEKTEKS: Matt 28: 16-20

TEMA : NADER TOT MY, O GOD!

INLEIDING

Geliefdes in die Here,

Ons sing gereeld Laudate 341 (gebaseer op Jakobus 4:8?): ***Nader tot U, my God van dag tot dag, gaan ook die weg tot U deur donker nag al druk die kruis my neer***

Dit is opgeteken onder die tema *Godsvertroue en vertroosting*, maar dit het 'in my konteks 'n begrafnisgesang geword.

Die woorde blyk dieselfde te wees as ons tema (Nader tot my, o God) of baie naby aan mekaar te wees, maar daar is 'n groot verskil. God moet eers tot my nader, voordat ek nader aan Hom kan beweeg. Kom ons ondersoek ons teks. Ons sien ons die dissipels arriveer by die afgesproke berg. Dit is na aanleiding van die voorafgaande gedeelte, waar sekere vroue die verkondiging van die opstanding van Jesus en die opdrag om na Galilea te gaan, maak.

Die aankondiging was eers deur 'n Engel gedoen wat meebring dat die vroue *bang maar baie bly* weggehardloop het. Jesus nader egter tot hulle *en hulle gryp Sy voete aan en aanbid Hom* en oortuig die dissipels om na Galilea te gaan.

In Galilea is dit Jesus wat die inisiatief neem om te verskyn aan hulle. Die resultaat is gemeng: sommige aanbid, ander twyfel. Dan lees ons: *Jesus kom toe nader* en spreek tot hulle. Op hulle eie aangewese was hulle lewes verward, sonder uitkyk, sonder doelstellings, maar skielik kry dit rigting met die Groot Sendingopdrag.

Jesus verklaar aan hulle dat Hy Almagtig en die Opperheerser is: *Aan my is gegee alle mag, al outoriteit oor alle sferes. In die boek Openbaring word dit verder toegelig: Ek is die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en kyk Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk (1:17b-18).*

In Sy liefde wil Hy egter almal inkorporeer onder Sy vaandel, onder Sy identiteit deur die doop en Sy leerstellings en bevels.

Gerugsteun deur die Heilige Gees se nabyheid, vaar die dissipels die strate in by wyse van spreke en verkondig die blye boodskap van Jesus. Hulle breek skanse af, hulle bou verhoudings, hulle herstel menswaardigheid; reg en geregtigheid, oorwin die hele Nabye Ooste. Deur die eeue gaan die vloedgolf vorentoe net om die baton aan te gee aan sommige van u voorvaders wat *deur Jesus genader was* om Afrika en ander kontinente in te gaan om die blye boodskap te verkondig.

Vriende, was dit die moeite werd? Het die opofferinge veranderinge teweeggebring? Is die sendingopdrag nog steeds geldig, is dit nog steeds die moeite werd om Jesus se

identiteit en Sy reëls vorentoe te neem?

Ons sal "ja" antwoord as Jesus *tot ons genader het* en ons besef wat Hy vir my/u beteken, vir my/u huwelik, vir my/u familie, vir my besigheid/lewe.... Dan wil ek hê ander moet dit ook beleef, dit ook ondervind, dieselfde vrede vind, dieselfde leiding kry, dieselfde voorsiening ervaar, dieselfde lewensuitkyk het...

Vriende kom ons bid opnuut: Here, nader tot my, openbaar U Almag aan my, neem weg die vertwyfeling dat U nie in beheer is nie, dat alles uitmekaar uit val, dat anargie en wanorde die hoogty vier. Maak my 'n dissipel, gebruik my Here...

Die gesangdigter se: ***Nie net ver in vreemde lande, daar is heidene voor jou deur-*** laat die Gees u lei, die omstandighede skep, die woorde gee.

Leer mense van die wonderlike voorreg: Jesus sê: **As iemand My liefhet, sal hy My woorde ter harte neem en my Vader sal hom liefhê en ons sal na Hom toe kom en by Hom kom woon(Joh 14: 23).**

Watter voorreg! Moet almal die nie smaak nie! Amen.